# H O O F S T U K II.

## DIE KULTUUR-HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE ANGLISASIE-PERIODE, 1806 - 1843.

### 1. INLEIDING.

Hierdie hoofstuk hoort in sekere opsigte eerder by Deel B. Opdat die historiese oorsig in die volgende hoofstukke egter teen die agtergrond van rasseverhoudings, kultuur, tradisie, godsdiens en botsende sosiale en politieke belange gesien en verstaan kan word, word dit hier ingesluit.

In 1806 is die Kaap vir die tweede keer met wapengeweld verower. Dit was maklik. Om daardie oorwinning egter te bestendig, was nog n verowering nodig: die bevolking moes verengels word. Dit moes n geestelike verowering wees en as sodanige was dit n moeilike. Die bevolking moes deur middel van die skool die taal, geskiedenis en kultuur van die veroweraar leer en leer liefhê - daartoe moes hul eie nasionale besit oorskadu en vervang word.

Die motiewe agter die Britse anglisasiebeleid was as volg:-

(a) n Verengelsde bevolking sou gehoorsaam en tevrede gewees het met die Britse regering.

(b) Dit sou die administrasie van die land vergemaklik het, veral wat die taalkwessie betref. Twee landstale is n bron van moeite, onkoste en tweespalt.

(c) Dat twee rasse albei hulle rassesuiwerheid in dieselfde land handhaaf en hul eie taal en tradisies langs mekaar behou, is, ander dinge gelyk synde, tog ongesond. Die Afrikaanse moes dus vir die Engelse onderdoen.

(d) Soos Simon van der Stel destyds van die Kaap n „Nieuw Holland" wou maak, wou die Britse regering van die Kaap n „New England" maak - n strewe wat in albei gevalle uit die Hollander en die Brit se groot nasionalisme gebore is.

(e) Dit sou die verdediging van die land bevorder.

Dat die Brit as veroweraar die Boer wou verengels, is nie alleen verstaanbaar nie, maar dit was selfs sy nasionale plig as Engelsman. Soos ons later sal sien, het hy van hierdie plig, deur die aanwending van verkeerde middele, n volslae mislukking gemaak: twee nasionaliteite het gebots: Boer wou Brit verafrikaans; Brit wou Boer verengels.

In hierdie hoofstuk wil ons die volkskarakterlike,

kulturele, godsdienstige, maatskaplike, ekonomiese en politieke agtergrond van die stryd in oënskou neem, veral sover die skool en die kerk daardeur beïnvloed is. Waar dit n stryd is om geestelik-nasionale waardes staan ons eers stil by die volksaard van die twee blanke rasse. Wanneer twee persone in dieselfde huis bots, is dit natuurlik en logies om eers hulle karakters te ondersoek.

## 2. DIE VOLKSAARD VAN DIE BOER EN DIE BRIT.

(Die slothoofstuk handel oor Christelik-nasionale onderwys en die onwenslikheid daarvan om die Afrikanerkind en die Engelssprekende kind saam te laat skoolgaan. Met die oog op hierdie bespreking van n probleem van die dag, word die Afrikaner se aard kortliks bespreek soos ons hom vandag ken en nie soos hy in die neentiende eeu was nie. Hierdie paragraaf sluit dus net gedeeltelik - sover dit die Engelsman betref - aan by die historiese aard van Deel A: die Boer het verander; die Engelsman nie. [1])

Volgens verskeie moderne filosowe is die verwysing na n ras as hebbende besondere kenmerkende eienskappe eenvoudig belaglik. Daar is nie so n ding soos nasionale karakter, n tipiese Engelsman of n deursnee Boer nie. [2] Tot hierdie skool behoort o.a. die volgende: Kleinberg O, Firth R en Ashley-Montague M.P.

Dit val nie binne die bestek van hierdie verhandeling om hierdie standpunt te weerlê nie. Ons aanvaar die standpunt van Cronjé dat die Boer fisies en geestelik n kind is van Suid-Afrika en oor tien geslagte by die vereistes van die land aangepas is [3] en dat die Brit as eilandbewoner, vir eeuelank in sy veilige isolasie, n Britse karakter ontwikkel het. [4] Veral gedurende die eerste helfte van die neëntiende eeu, voor die inwerking van die Industriële Rewolusie in Suid-Afrika en voordat die volks- en godsdiensondermynende invloede die Boer se volksaard begin ondermyn het, was die Afrikaners baie meer homogeen.

Ons het te doen met n visieuse kringloop: „The vast majority of all English-speaking people do not know the Africander at all, chiefly because when he needs understanding, the other is in no mood for trifling with his own allegiances.........." [5].

1). Fuller: The English Genius, 144.
2). Fyfe: The illusion of National Character, 59, 60, 61, 115.
3). Cronjé: n Tuiste vir die nageslag, 32.
4). Schubart: De Komende Europeesch Mensch, 185, 186.
5). Galpin: There are no South Africans, 64.

Maar die faktor wat vooroordeel en misverstand die meeste voed en die onderlinge wantroue en rassehaat die meeste aanvuur, is miskien die groot verskil tussen die onderskeie volkskarakters van Boer en Brit. Politieke probleme is deur en deur sielkundig en kan slegs met hoop op sukses aangepak word as ons gebruik maak van wat die moderne sielkunde ons aanbied. [1)]

Teenoor die Engelsman se kalme waardigheid staan die Afrikaner se dikwels luidrugtige veglustigheid. Vanaf die dae van Jan van Riebeeck moes die Boer veg vir sy regte. En haat is die spanmaat van stryd. Hy het die Engelsman gehaat.[2)] Hy is besonder liggeraak en word ʼn vegtende helleveeg by die geringste belediging. Hierdie veglustigheid, die gevolg van eeu-oue stryd, vind ongelukkig ook uiting in onderlinge stryd en onvermoë om met mekaar oor die weg te kom. [3)]

Twee eeue lank moes die Afrikanerkind deur medium van ʼn vreemde taal leer - eers Nederlands en toe Engels. Geen ander enkele faktor het meer bygedra om die Afrikaner teenoor sy Engelse landgenoot te verneder nie. In die onregverdige mededinging met sy Engelse skoolmaats het die Afrikanerkind onnosel vertoon en is as sodanig beledig en gestraf. As hy sy eie taal by die skool gepraat het, is sy wangedrag gestraf deur hom ʼn plakkaat van ʼn donkie op sy rug te laat dra. [4)] En dis die vernaamste faktor in ʼn lang lys van oorsake wat by die Afrikaner ʼn minderwaardigheidskompleks laat ontstaan het. Toe die verfynde deftige Engelsman na Suid-Afrika gekom het, het hy onmiddellik op die ongeletterde en oënskynlik onnosele Boere met hul growwe maniere neergesien en hulle gelykgestel met die laagste klasse in Engeland. [5)] In 1797 al skryf Lady Anne Barnard dat die neiging om op die Boer neer te sien „one great error in the English" was. [6)]

Ons meen dat alle studente van ons rasseverhoudings dit eens is dat hierdie, en ander faktore wat later behandel sal word, in die Afrikaner ʼn diepgesetelde minderwaardigheidskompleks veroorsaak het. [7)] In die individu word hierdie ongelukkige geestelike toestand op verskeie maniere geskep. As ʼn persoon, veral ʼn kind, altyd sleggemaak word, as daar steeds op hom neergesien word, nooit ʼn verantwoordelike werkie

1). Coetzee: Nasiewording in Suid-Afrika, 11.
2). Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 21; Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 235.
3). Miller: Bantu, Boer and Briton, 25.
4). Malherbe: Education in South Africa, 69; Report Education Commission 1863, XXVI.
5). Smuts: ʼn Eeu van Onreg, 58.
6). L.A.B.: South Africa a Century Ago, 105.
7). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 21.

aan hom toevertrou word nie, as hy steeds ondergeskik gestel word aan 'n broer of suster, as hy as arm kind of ten gevolge van verwaarlosing altyd by sy maats afsteek met sy kleredrag, as hy agterlik is op skool en meester verneder hom, of hy is onaantreklik van aangesig of liggaamlik abnormaal, mag hy 'n minderwaardigheids<u>gevoel</u> ontwikkel: hy sal sku word, geselskap vermy en so selfbewus van sy minderwaardigheid word dat die lewe vir hom 'n las word.

Maar stryd is 'n kenmerk van die onderbewuste en kompensasie soek een van die hoekstene van karaktervorming. Opposisiefaktore kom in opstand teen hierdie inferioriteitsgevoel en hoewel die nuwe kompleks wat ontstaan nooit die diepgesetelde minderwaardigheidsgevoel verplaas nie, word laasgenoemde se uitwerking getemper en sy openbaring gewysig: daar ontwikkel in hom 'n drang om sy onderbewuste diepgevoelde inferioriteit te loënstraf; om aan die wêreld te wys dat hy <u>meerderwaardig</u> is. Hy kan aggressief word. Sy kompleks kan hom op verskillende maniere openbaar: Dit kan positief in sy uitwerking wees: Die subjek kan, in sy strewe om sy meerderwaardigheid te bewys, werklik wondere verrig. Hy kan skeppende kuns lewer of prestasies in die handels- en nywerheidswêreld. Die Afrikaner se minderwaardigheidskompleks is miskien die oorsaak van sy opgang op letterkundige gebied.

Wanneer die mindere gees egter probeer aandag trek, word hy dikwels luidrugtig en goedkoop in sy gedrag, word hy onkeerbaar op politieke vergaderings en oor die algemeen onbeheersd. [1)] Hierdie uiterste maniere waarop hierdie kompleks hom openbaar, is ook miskien gedeeltelik daarvoor verantwoordelik dat ons volk baie heterogeen is in sy verskillende volkslae en wissel van die swakste klas van die armeblankedom tot die suiwer hoogtes van 'n Hertzog en 'n Kruger. [2)]

Die Engelsman is geheimsinnig en onverstaanbaar - selfs vir homself. Hy is introvert, hooghartig, teruggetrokke en sy geestelike dieptes lê onpeilbaar onder sy artifisiële uiterlik. [3)] „They are indeed a secret people - geysers of energy encased in ice." [4)]

1). Malherbe: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 235.
Nepgen: Die Sosiale Gewete van die Afrikaner, 158.
Coming of Age, 409.
2). Malherbe: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner,112,245,248
3). Racial Realities in Europe, 46; This Torch of Freedom, 447; Lord Ponsonby in "English Essays of To-day", 144, 145.
4). The Illustrated Weekly of India, 24/8/47; "The Amazing English" deur Ranjee G. Shahani, 28. Lees ook Deel X in die volgende uitgawe: „The English Soul".

Ons wil slegs op 'n paar algemeen erkende Engelse karaktertrekke wys, veral met die doel om aan te toon hoe die Afrikaner van sy Engelse landgenoot verskil.

Wat sy godsdiens betref, is daar natuurlik geen eenparigheid nie. Stanley Baldwin meen dat die opregte Engelse godsdienssin 'n sleutelsteen in sy geestelike samestelling is. Ongelukkig bederf hy die effek van sy bewering deur daarop aanspraak te maak dat daardie mening uniek en oorspronklik is - niemand het, volgens hom, dit nog tevore opgemerk nie. 1) Professor Schubart meen weer dat die Engelsman sy religie gebruik ter regverdiging van sy broodwinning: die Engelse magspolitiek word op huigelagtige wyse verbloem met humanitêre motiewe. „Een volk verklaart zyn rooftochten heilig". Hy is 'n gemeenskapsmens. By hom is die gesamentlike godsdiensoefening belangriker as die op sigselfstaande siel op sy eensame weg; eerder kerkbesoek as individuele vroomheid. Hy is materialis, pragmatis, nugtere realis. Hy is geen kunstenaar en denker nie en het geen kultuurideaal nie. 2) Fyfe sê „By all accounts, their own and other peoples' they (the English) were during the 19th century more addicted to the outward shows of faith in God than any other nation." 3)

Dit blyk dat die Engelsman se godsdiens in noue verband staan met sy hovaardigheid: Milton sê: „What does he (God) then but reveal himself to his servants, and as his manner is, first to his Englishmen," 4) Voltaire meen dat „an Englishman, being a free man, goes to Heaven by the road that pleases him." 5) Brogan sê hy stem saam met Mark Twain: „The English <u>are</u> mentioned in the Bible - 'and the meek shall inherit the earth!" 6) As die Bybel en die Bybel alleen die godsdiens van die Protestant is, dan is Protestantisme in Engeland in 'n treurige toestand. 7) Price Collier stel die Brit se godsdiens aan die kaak: „A nation confessing Christianity, but nevertheless continually at war, sodden with drink and offering all its prizes of wealth and station to the selfish, the successful and the strong..... and who, with their State priests in Parliament, to voice the fact that they are a Christian nation, spend the bulk of their income for war, drink and sport." 8)

1). British Life and Thought, 440 et seq.
2). Schubart: De Komende Europeesche Mensch, pp. 212 - 216.
Middleton: The Rape of Africa, 228, 241.
3). Fyfe: The Illusion of National Character, 141.
4). Bridie and McLaren: A Small Stir, 13,14,32,33,38,44.
Bailhache: The Secret of the English, 66.
5). Legrand and Gant: Mesentente Cordiale, 89, 90.
6). Brogan: The English People, 54.
7). Ibid.: 139.
8). Collier: England and the English, 58.

Die wanbegrip i.v.m. die godsdiens blyk uit die woorde uit die mond van Cromwell, nadat hy die weerlose inwoners van Drogheda op sowat dertig na koelbloedig laat uitroei het: "This hath been a marvellous great mercy.... I wish that all honest hearts may give the glory of it to God".[1] Die Afrikaner se godsdiensin word elders bespreek.

Die Britse volksaard word gekenmerk deur 'n sterk ondernemingsgees en avontuurlikheid.[2] Hy is daadkragtig, gedetermineerd, pligsgetrou, volhardend en dapper. Die kenmerkende Britse bedaardheid kan skielik opvlam in geweldige daadkrag en geesdrif.[3] Met hierdie eienskappe het die Brit 'n wêreldryk gestig.

Die eienaardigste kenmerk van die Brit is die "Dauntless decency of the English." [4] Die Gentleman-ideaal is die grondslag van sy fairness en koopmanseerlikheid. Hierdie eerlikheid is 'n persoonlike eienskap. Hy verdink niemand nie en verwag om vertrou te word. Maar sy diplomatiek en internasionale verhoudinge was tot onlangs uiters laakbaar. Dit word in die slothoofstuk bespreek. [5] Die gentleman-ideaal maak die Engelse lewe draagliker en aantrekliker.[6] Ook sy onderwysstelsel is op hierdie gentleman-ideaal ingestel. Hierdie aspek word elders vollediger behandel. Hierdie hoflikheid, bedaardheid, waardigheid en verfynheid verwek die indruk van verhewenheid, en sy deftige kleredrag [7] het die eenvoudige, ongeletterde, nederige en onverfynde ou boer van vroeër dae baie minderwaardig laat voel.

Dit is ons meer te doen met die volksaard van die Brit as met hoe hy so ontwikkel het, maar dis interessant om sy volksaard te bestudeer in die lig van die feit dat hy eeue lank veilig geïsoleer is as eilandbewoner. Veilig teen invallekan hy nie die Duitse oervrees nie. [8] Vandaar sy onwrikbare geloof in homself. Hierdie isolasie lê ook ten grondslag van die basiese eenheid van die Britse volk,[9] van sy weergalose nasionalisme, sy afkeer aan inmenging in sy eie sake,[10] sy konserwatisme en hoogmoed uit bekrompenheid gebore:"They are forced by their circumstances into a little world of their own. This induces in so many of them

1). O'Brien: Irish Memories, 58.
2). Baldwin: This Torch of Freedom, 7.
3). British Life and Tought, 442,444, 445. Racial Realities in Europe, 45, 46.
4). British Life and Thought, 449.
5). Landau: The Fools progress, 12,15,16; Legrand and Gant: 47,48; Bailhache: The Secret of the English, 90,91.
6). Schubart; De komende Europeesche Mensch, 217.
7). Fyfe: The Illusion of National Character, 135; Legrand and Gant:Mesentente Cordiale, 52.
8). Schubart: 185, 186.
9). Racial Realities in Europe, 36.
10). British L ife and T hought, 450.

that spirit of rancid pride which is so lamentable and offensive." [1] Elkeen van hierdie eilanders, sê Baldwin, is self 'n eiland, veilig, kalm, ongenaakbaar. Maar nooit verloor hy sy afsydigheid (aloofness) nie. [2] Die feit dat hy 'n eilandbewoner is, is nie 'n ongemengde seën nie. Hierdie gevangenis sonder tralies is terselfdertyd sy hele wêreld en dit beperk onverbiddelik insig van wêreldsake. [3]

Die Afrikaner se isolasie en die invloed daarvan op sy karakter is elders volledig bespreek. In die agtiende en neëntiende eeu het dit hom geestelik bo die peil van die Europese volkere verhef: godsdienstig, gasvry en nederig.

Uit hierdie geestelike samestelling, veral ten gevolge van sy selfvertroue en geloof in alles wat Engels is, is die gewoonte gebore om homself en sy ryk te verheerlik en om eenvoudig nie te kan glo dat hy of sy staat onregverdig kan wees nie. Dit skyn of die Brit werklik glo dat hy 'n volk 'n weldaad bewys as hy hom verower en inlyf by die Britse Ryk. [4] So sê die Educational News. " The Boers have fought bravely. Their reward should be a closer union with ourselves." [5]

Die Boer en die Brit wil graag vriendskapsbande aanknoop. Laat ons die moeilikhede in hul weg kortliks nagaan. Die oorsprong en fondament van vriendskap is tog gewoonlik te vinde in gesellige omgang. Om vriende te kan word moet mens eers 'n geselskap aanknoop. Maar dis nie so maklik nie, want " On the streets, in the tube, in restaurants, at the theatre, they cross or face or pass by one another without ever looking as if they saw one another." [6] Na 'n bombardement spreek 'n vrou haar verbasing uit dat sy in haar opgewondenheid sommer met 'n man, aan wie sy nog nie eens voorgestel was nie, gepraat het. [7] Hulle moet eers voorgestel word. Die Boer moet nou versigtig wees dat hy nie die Engelsman se erkende formele etiket geweld aandoen nie. Hy moenie " Fine, thank you", sê wanneer hy "How do you do?" gevra word nie. "...... any such alien originality is sure to meet with stern disapproval, with shocked amazement and stony staring. [8]

1). Bridie and Mc Claren: A Small Stir, 106.
2). Baldwin: God's Englishmen, 9.
3). Treves: England, The Mysterious Island, 57.
4). Middleton: The Rape of Africa, 241, 288; Schubart, 216.
5). The Educational News, Okt. 1901. Sien verder die paragraaf oor Britse imperalisme in die Slothoofstuk.
6). Bailhache: The Secret of the English, 20 .
7). Ibid, 17.
8). Ibid, 15, 16, 48, 49.

Ons het reeds gesien dat die Boer met Engels aangevoor het. Die Engelsman praat nie graag 'n ander taal nie en sodoende demonstreer hy sy meerderwaardigheid. [1] Ongelukkig belemmer dit die Boer se geselligheid. Hy bly tot sekere mate vir die Brit 'n vreemdeling solank hy in 'n vreemde taal moet sukkel-gesels.

Maar daar is diep ys wat gebreek moet word. Die Engelsman isoleer homself geestelik sodat hy selfs in geselskap 'n eensame bly - onbekend en onbemind. In die klub sit hul (mans bo vyftig) daagliks ure aaneen bymekaar en swyg. [2] Waarvoor gaan die Afrikaner gesels? Want dis seer seker hy, wat die voortou sal moet neem. Hul stel nie in dieselfde sportsoorte belang nie. Hul het albei 'n sterk sin vir humor, maar hulle lag nie eners nie en ook nie oor dieselfde ding nie. Daar moet nie geredeneer word nie. Die Engelsman wil nie dink nie. Hij wil jou van niks oortuig nie en jou kan hom van niks oortuig nie, want hy weier om te redeneer. Hy het onwrikbare menings op geloof gebaseer: geloof in homself, sy regverdigheid, sy eiland-tuiste, sy vloot, sy onoorwinlikheid. Argumente maak geen indruk op hom nie. Sy logika is gebaseer op die onaanvegbare krag van die Britse tradisies. [3] Die Boer is lief vir redeneer. Die Boer kan ook nie lekker kla nie. Die Engelsman hou nie daarvan nie: dit sal sy sosiale status belemmer.
Daar is veel geskryf oor die Engelsman se " Principle of Conspicuous Consumption". Dit het in 1939 nog nie heeltemal onder die hoër klasse verdwyn nie. Dit beteken dat die Engelsman homself in die geheim tekort sal doen, ten einde in die openbaar, deur roekelose geldverkwisting te bewys, dat hy welvarend is en nie juis nodig het om te werk nie. Perdereisies, polo en jakkalsjag is die sportsoorte wat duur genoeg is. [4] Die Boer sal geneig wees om oor sy kwale te gesels. Dit is nie alleen slegte etiket nie, maar teen die Engelsman se beginsels.
Hy dra sy moeilikhede, pyn en terugslae gelate en skep daar selfs 'n Spartaanse behae in. [5] Die Boer moet nie sentimenteel of opgewonde gaan raak nie. Enige blyk van emosionele uiting word sterk afgekeur. As die skoolseun na lang afwesigheid terugkeer van die kosskool, sal die Engelse pa hom met weinig blyke van belangstelling ontvang. Die Boerepa sal hom met 'n soen en omhelsing en die moeder moontlik met trane van blijdskap verwelkom. Om dieselfde rede het die Engelsman 'n renons in

1). Treves: England, The Mysterious Island, 43.
2). Ibid, 53.
3). Legrand and Gant: Mesentente Cordiale, 129, 130; Bailhache: The Secret of the English, 25.
Treves: England, the Mysterious Island, 49, 91.
Collier: England and the English, 33, 209.
4). Bellens: Those Impossible English, 3-6.
Mc Neill: The Egregious English, 136.
5). Legrand and Gant: Mesentente Cordiale, 138.

emosionele welsprekendheid. " They have no use for a stirring rousing speech, because they do not want to be stirred or roused, but quite the other way about".[1] Die Engelsman is introvert. Hy spreek nie graag 'n besliste mening oor 'n saak uit nie: dit mag opposisie uitlok! [2] Die Afrikaner stel sy saak kragtig en beslis, selfs aggressief. Die Afrikaner is genaakbaar en emosioneel. Hy huil maklik en het 'n fyn humorsin. Galpin sê: "There is a deal of significance in such a frailty ( om te huil) that is missed by the hard-boiled commercialism of the English section." [3]

Die Engelsman praat nie van homself nie en sal dus nie van sy eie dapperheid in die "Battle of Britain" of die Dunkirk-vlug praat nie. [4] Die Boer sal heerlik vertel van sy eie petaljes in die Bosveld en sy ondervindinge in die Engelse oorlog - en daar is hy al weer op gevaarlike grond. Ook die politieke terrein is verbode gebied.

Dit sal die welopgevoede Afrikaner weinig genot verskaf om oor kultuur te gesels. Dit sal al dadelik eensydig wees, want die Engelsman weet weinig van die Afrikaner se kultuur. Maar buitendien is dit nie die Engelsman se terrein nie. Hy is geen filosoof, denker of student nie. Sy kuns staan laag. [5]

Die Engelsman se goeie hoedanighede bv. sy dapperheid, wetsgehoorsaamheid en persoonlike eerlikheid, dra uit die aard van die saak nie veel by om hom in die geselskap aangenaam te maak nie, terwyl sy onsosiale karaktertrekke, sy teruggetrokkenheid en snobbisme, hom beslis onaangename geselskap maak.

Sonnig soos die Afrikaanse klimaat, is die Afrikaner se sprankelende geselstrant, maar " it is natural in a country almost permanently damp and misty, that the inhabitants should have a strong streak of melancholy which does not go with a sunny climate." Dieselfde skrywers skryf die veranderlikheid van die Engelsman se gedrag teenoor jou ( vandag vol formele tegniese vriendelikheid en môre sien hy jou mis) toe aan die wispelturigheid van die Engelse weer. [6]

Daar word elders uitgewei oor die botsing tussen die twee vurige nasionalismes. Die Boer het geen ander tuiste

1). Bailhache: The Secret of the English, 56; Treves: England, The Mysterious Island, 49; Galpin: There are no South Africans, 66; Miller: Bantu Boer and Briton, 25; Marquard: The Peoples and Policies of S.A. 69 etseq. Collier: England and the English, 179.
2). sien 1)
3). sien 1)
4). Collier: England and the English, 179.
5). Macaulay: Life among the English, 42; Landau: The Fool's Progress, 82; Collier: England and the English, 189.
6). Legrand and Gant: Mesentente Cordiale, 133-135.

nie en wanneer daar beledigend van sy volk en vaderland gepraat word, veg hy onverbiddelik met elke wapen tot sy beskikking. "They are often assertive as a child is, that hears its mother slighted; they love the soil of South Africa and frequently meet people who despise or affect to despise it." 1)

Daar moet ten slotte melding gemaak word van die Em/gelsman se snobbisme. Daar is geen kritikus van enige betekenis, wat dit nie oor hierdie saak eens is nie. Eintlik wortel sommige van die Engelsman se eienaardighede in sy snobbisme. Baldwin sê dat die Engelsman geweier het om feite te sien of rede te verstaan, maar hardnekkig teen alle bewyse in volgehou het, dat snobbisme blanke oorheersing in Asië kon handhaaf. 2) Dit het nietemin baie jare lank geslaag. Wat die Engelsman se snobbisme laat slaag, is ook die feit dat hy nie sy meerderwaardigheid mondeling verkondig nie. "The Continentals often insist on their superiority in too wordy a manner. The Englishman asserts his without any words at all, and also without taking up a single word of yours."

Hierdie onwrikbare selfvertroue en meerderwaardigheidsgevoel veroorsaak dan ook dat hy oortuig is dat hy reg is en hy is opreg spyt, terwille van die wêreld, dat almal nie daarvan oortuig is en gewillig is om daarvolgens te handel nie.3) Sy snobbisme is des te bedriegliker, want "this is not a pose, not conceit; it is far worse than that. It is unconscious. It is the natural condition of mind, born of centuries of dominance 4) Aangesien hy is wat hy is, voel hy dat dit vir hom nie nodig is om te leer nie en as daar oorlog kom, is hy onvoorberei, want aangesien hy bo almal verhewe is, kan hy nie bekostig om deur bewapening enige onsekerheid te bewys nie. Gereedheid veronderstel vrees, en wat het hy, as Engelsman, te vrees? 5) Wilfred Scawen Blunt sê: He drops fatness and blessings as he walks. He smiles benignity and graciousness and " I - am - glad - to - see - you - all - looking - so - well." And before him runs one in plush crying, " Who is the most popular man of this footstool?" And all the people shall rejoice and say, "The Englishman - God bless him! " 6)

1). Coming of Age, 65; Theal: History and Ethnology of S.A. 111, 285, 286.
2). Baldwin: God's Englishmen, 22, 23.
3). Treves: England, The Mysterious Island, 50; Baldwin: God's Englishmen, 10.
4). Collier: England and the English, 305.
5). Baldwin: God's Englishmen, 10; The English Genius ( J.F.C. Fuller) 143.
6). McNeill: The Egregious English, 190.

## 3. DIE MAATSKAPLIKE TOESTANDE EN ANGLISASIE

Die leefwyse, gedagte- en kultuurlewe, taal, tradisies en lewensbeskouing van Boer en Brit het grootliks verskil. As hul in vrede en eensgesindheid wou leef, moes daar óf wedersydse of eensydige aanpassing plaasvind.

Nieteenstaande die feit dat Boer en Brit albei konserwatief was en is, was die Engelsman veel moderner. Die Boer se opvattinge en leefwyse het nog tot die sewentiende eeu behoort; [1] die Brit s'n tot die neëntiende eeu.

Die twee rasse het eenvoudig nie bymekaar gepas nie. Om psigologiese redes, in die vorige paragraaf genoem, kon hul sosiale samelewing nie vlot nie. Daarby kom nog die Boer se onvermoë om oor sake van die dag te gesels met sy "moderne" Engelse landgenoot. Die Boer kon wel met gesag praat oor die godsdiens, die veld, die boerdery, maar dié dinge het die vreemdeling nie geïnteresseer nie. Die spore van die groot eensaamheid op die karakter van die flegmatiese Boer is deur die Engelsman vertolk as onbeskaafdheid en onnoselheid. [2]

Net soos de Mist het baie van die Engelse hier bevooroordeeld aangekom. In Europa het hul die kritiek op die Boere gelees wat deur oppervlakkige waarnemers geskryf was - en vooroordeel werk aansteeklik. [3] Ons het reeds gesien hoe die Engelsman die Boer gelykgestel het met die laagste klasse in Engeland. En as hy die eenvoudige Boer in sy sooihuisie, sonder glasvensters, slegs oppervlakkig beoordeel het, kon hy beswaarlik tot 'n ander gevolgtrekking kom. Daarby was die Boer aan die begin van die 19e eeu so arm dat hy beswaarlik sy huurgelde kon vereffen. [4]

In die sosiale samelewing was die taal natuurlik die belemmering tot intieme samelewing. [5]

In die stad was die anglisasie veel makliker as op die platteland. In die stad het die Lady Anne Barnard-taktiek om die Afrikaner in die Engelse sosiale kringe op te neem, vrugte afgewerp. [6] Hier was die drie faktore deur Mansvelt

1). Malherbe: Education in South Africa, 182; Coetzee: Doe Opkoms van die Afr. Kultuur gedagte aan die Rand, 18; Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 247, 248, 297.
2). Theal: History os S.A. Deel 111, 299, 301.
3). Coming of Age, 27.
4). V.d. Merwe: Die Trekboer......, 204; du Toit: Onderwys in Kaapland, 34.
5). Coming of Age, 71.
6). Coetzee: Die opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte, 18.

genoem, n.l. geld, mag en mode besonder sterk. 1)

Op die platteland was sake heel anders. Dis hier waar die stryd om behoud van 'n eie nasionalisme deur die eenvoudige ongeletterde Boer gewen is. Hierdie Boere het in die loop van die 18e eeu 'n hartstogtelike liefde vir die eensame ontwikkel. Alle kontak met vreemde invloede wat kon indruis teen, en ongunstig was vir die handhawing van sy tradisies en godsdiens, is deur die Afrikaner vermy en ontwyk. 2)

Om herhaling te voorkom, kan ons slegs melding maak van die ekonomiese gaping wat die Boer en die Brit se "status" beïnvloed het. Hul was wel albei protestante, maar hul houding ten opsigte van die godsdiens het, soos elders aangetoon, wesenlik verskil. Selfs met betrekking tot hulle vermaaklikhede was hulle in aparte kampe.

4. DIE AFRIKANER SE GODSDIENS EN DIE ANGLISASIEPOLITIEK.

(a) DIE GODSDIENS EN DIE SOSIALE SAMELEWING.

Ons het reeds verskeie kere verwys na die Afrikaner se godsdienssin. Ook in die behoud van sy nasionale aard het sy godsdiens hom gered. Selfs so laat as die eerste helfte van die neëntiende eeu, ( d.w.s. die tydvak onder bespreking), het die Kerk dit nie moontlik gevind om die trekkers op te volg nie. Hulle was verstoke van die kerklike voorregte en die geestelike leiding van die leraars, maar die diep godsdienstige karakter van die Afrikaner het in die groot eensaamheid nie ontaard nie. Dis tewens in die stilte dat die mens sy God die maklikste ontmoet. By hom het hy die Woord van God gehad en kragtens die Calvinistiese leer van persoonlike priesterskap was dit in die omstandighede vir hom genoeg. 3) " Die Calvinisme bring die siel regstreeks voor sy God; die Calvinis is in die laaste instansie in 'n ontsettende alleenheid met sy God". 4)

Daar was geen belangriker medium om Afrikaners saam te snoer en om 'n volksgevoel by hul te laat posvat as hul godsdiens nie. Maar in hierdie verband mag ons nie die gesinslewe, as die fondament van die godsdienstige

1). Mansvelt: Het Onderwijs in Zuid-Afrika, 15.
2). Nepgen: Die Sosiale Gewete, 59, 122.
3). Nepgen: Die Sosiale Gewete, 59; V.d. Merwe: Die Trekboer, 249.
4). Nepgen: Die Sosiale Gewete, 72.

lewe, uit die oog verloor nie. Die isolasie het die gesinsbande hegter gemaak en die gesinslewe was die kweekplek van die godsdiens, gasvryheid, gehoorsaamheid en letteronderrig. [1)]

Die godsdiens het die Boere ook letterlik bymekaargebring. Aangesien die kerk nie nader na hom gebring kon word nie, moes hy van tyd tot tyd lang afstande aflê om by die kerk te kom. Met nagmaaltye - en die oorgrote meerderheid van die Boere het probeer om minstens een keer per jaar daar te wees - is die doop-, aannemings- en dikwels huweliksplegtighede waargeneem. Baie Boere het oor die 200 myl van die kerk af gewoon en dit het twee of drie weke se reis gekos. Dit was 'n groot feestelike geleentheid waarna veral die jongmense verlangend uitgesien het. As hulle nie deur droogte, sprinkane of kommandodiens verhinder is nie, het daar soms honderde waens om die ou buitekerkie gestaan. [2)]

Die Afrikaner se godsdiens was nie 'n formaliteit, 'n Sondagsplegtigheid nie. Die meeste skrywers is dit eens dat ernstige misdaad uiters selde gedurende hierdie tydperk voorgekom het in die verre binnelande, waar die arm van die gereg so weinig gesag kon uitoefen.[3)] 'n Beter bewys dat die Afrikaner se godsdiens nie bloot tradisie was nie, maar 'n praktiese saak, is seker nie te vinde nie. Hul het geen bewys nodig gehad wanneer hul aan hul mede-Afrikaners geld geleen het nie. 'n Man se woord was sy bewys. [4)]

Sy godsdienstigheid het ook daartoe bygedra dat daar op die platteland geen sosiale stande was nie. Ryk en arm het eenders geleef. [5)]

### (b) DIE INVLOED VAN DIE AFRIKANER SE GODSDIENSSIN OP DIE POGING TOT DENASIONALISASIE.

#### (1) DIE GODSDIENS EN DIE HOLLANDSE TAAL.

Die godsdiens, die taal, die nasionale gevoel, die drie, maar die eerste van hulle, wat ook die ander twee behou het, is seker die godsdiens. Die Kerk was en is 'n magtige politieke, sosiale en taalfaktor. Een predikant

1). V.d. Merwe: Die Trekboer...... 254; Nepgen: Die Sosiale Gewete, 62, 168, 171; Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 298; Sinode van die Kaapse Kerk, 1873: Herderlike Brief.
2). V.d. Merwe: Die Trekboer, 252.
3). V.d. Merwe: Die Trekboer, 252.
4). Ibid. 254.
5). Ibid. 205.

skryf aan Sir Harry Smith m.b.t. die Oranjerivier soewereiniteit: "Nothing would tend more to promote peace and loyalty throughout the country than the settlement of zealous and pious ministers in it." 1) Maar nieteenstaande die invoer van Skotse predikante was daar nog altijd 'n kern van Hollandse leraars wat wel vroom was, maar wie se lojaliteit nie 'n invoerproduk was nie.

Van nature konserwatief was die Boere dit by uitstek in alle sake wat in verband met hul godsdiensgestaan het; en die gedagte dat die taal van hul godsdiens sou kon gewysig word sonder dat die godsdiens self daaronder skade ly, was vir hulle volkome uit die bose. 2) So het hierdie twee magtige faktore, godsdiens en taal, saamgesmelt tot een geweldig wapen teen denasionalisasie. Maar veel meer: dit het alles wat van 'n Boer 'n Boer gemaak het: sy tradisie, taal, gesinslewe, onafhanklikheidsgevoel van almal behalwe God, selfs ook die bietjie onderwys wat nodig was vir sy aanneming ( die Boere-matriek), sy karakter en lewensbeskouing, óf bepaal óf ten goede beïnvloed en teen denasionalisasie bewaar.

Dis interessant om daarop te let dat die toestand in Suid-Afrika nie uniek is nie. In Wallis het die geskiedenis hom, omstreeks dieselfde tyd, op presies dieselfde wyse afgespeel. Ook hier "The influence of a long and illustrious line of preachers and teachers....... helped to raise the vernacular into a new and great power..... the churches were everywhere stirred by a new religious fervour, which sought to make the Bible an open book and religious worship a universally felt duty. This religious impulse was expressed almost entirely through Welsh, which thus became, and for long remained, the chief medium of the religion of the country." 3) Ook hier was Engels die ekonomiese medium en die modetaal; ook hier is die Walliese taal onderdruk deur Hendrik Vlll e.a. In Vlaandere is 'n ander parallel in die geskiedenis van taalonderdrukking.

(11) <u>WETSGEHOORSAAMHEID</u>:

Die Boer was Calvinis: hy het geglo dat God alles bestier. Hierdie vaste geloof bring mee wetsgehoorsaamheid aan die owerheid, wat God oor hom gestel het. Die Hemelse

1). Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, 140-141.
2). Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 36.
3). Saer e.a. The Bilingual Question, 14-17.

Vader weet wat vir hom goed is en solank die owerheid wat God oor hom gestel het, nie teen sy Calvinistiese beginsels optree nie dra hy dit gelate. As die Brit taktvol te werk gegaan het, kon hy goeie gebruik van hierdie karaktertrek gemaak het. 1)

(111) DIE CALVINISME.

Die Calvinisme is strenger as die meeste geloofsbelydenisse. Hierdie nougesetheid het veroorsaak dat die Boer geen eksperimentering met sy godsdiens of met dit wat daarmee in verband gestaan het, gedoog het nie. Dat die Engelsman sy anglisasie selfs in die kerk wou invoer, het hom verbitter. Die Boer se godsdiens moes nie 'n politieke terrein word nie en dit is daarom dat hy sy bediendes saans laat luister het as daar boekegevat word, maar 'n wrewelige afkeer gehad het in die toenmalige sendingwerk van politieke sendelinge.

(1V) Die verskil tussen Boer en Brit se godsdienstige opvatting (elders bespreek) het ook dwars in die anglisasiepad gestaan. Die Engelsman se godsdiens staan soms in die diens van sy wêreldse doelstellings; die Boer se tydelike belange het weer in die diens van sy godsdiens gestaan.

5. DIE HOLLANDSE TAAL EN DIE ANGLISERING.

Dis eers wanneer jou taal onderdruk word dat selfs die eenvoudigste ongeletterde mens besef dat dit nie slegs 'n kosbare nasionale besitting is nie, maar ook en veral iets wat van so'n persoonlike aard is dat, by verlies daarvan, hy noodwendig groot geestelike skade moet ly, want dis deel van sy wese, sy geestelike samestelling, sy persoonlikheid, die sleutel tot ons tradisie, kennis, bygeloof, gewoontes. ens. 2) Dis verbonde met die Afrikaner se edelste sentimente van godsdiens, die Bybel en gebedstaal. Dit smelt saam met die gesinslewe, elk met sy besondere segswyses, ons kultuurlewe, die Afrikaanse natuur, literatuur, volksbesit, die boerdery, ons stryd en volksaard, ons geskiedenis - want ons taal het saam met ons volk gely, gegroei en geseëvier.

Omdat die Brit sy eie nasionale en Kultuurgoed self baie hoog waardeer, het hy goed geweet wat dit beteken om 'n volk se taal te onderdruk: John Bell, die toenmalige

1). Theal: History of S.A. 1795-1873 Dl. 11, 265
2). Schmidt: The Language Medium Question, 9.

staatsasekretaris het gesê: " And whilst his Excellency respects the attachment which is naturally felt by the colonists of Dutch extraction to their own language, associated as that feeling must be with the dearest relations of life....... [1] Die Engelsman het dus geweet dat hy met die siel van die Boer eksperimenteer, maar alle ander konsiderasies moes vir die politieke doel opsygestoot word.

Die regering het gevoel dat, as hy die Hollandse taal kon onderdruk, sy stryd gewonne sou wees. Maar ook die Afrikaner het geweet dat as sy taal eers in S.A. ondergegaan het sy eie nasionale en kultuurbesit in dieselfde graf begrawe sou word. [2] Daarom het die stryd ontstaan, eers slegs met 'n rokie, maar later soos 'n geweldige veldbrand.

Die Brit was te haastig. 'n Taal kan nie deur wetgewing vernietig en vervang word nie. Tot die koms van Lord Charles Somerset het dieanglisasiebeleid veel sukses gehad. Toe kom die dwang - en die stryd.

Dit was die dae van baie ondoeltreffende verkeersmiddele. As die Engelsman die radio en die dagblad tot sy beskikking gehad het, sou hy die isolasiefaktor kon uitgeskakel het en hierdie isolasiefaktor was die grootste struikelblok en sy verengelsingsbeleid. [3] Hierdie isolasie het neergekom op " Onbekend maak onbemind," en hoe verder van Kaapstad, hoe moeiliker die probleem vir die Engelsman.

Wat veel gehelp het om die Hollandse taal te laat voortlewe, was dat dit die Bybel - en godsdienstaal van die Boer was. Hoe die godsdiens die taal beskerm het, is reeds bespreek. [4] "Eweas L.C.S. het sy opvolgers besef dat hulle die Hollandse taal sou moes ban, nie alleen uit die skool nie, maar ook uit die kerk. Voordat hulle die ou inwoners van die Kolonie kon verengels, het die Hollandse koloniste self gevoel dat die kerk die vernaamste vesting van hulle taal en nasionaliteit uitgemaak het, terwyl die skool die vernaamste verdedigingswerk daarvan was." [5] Scholtz moes egter gesê het dat die skool die vernaamste verdedigingswerk kon gewees het. Die regering het immers, veral van 1820 af, die skool vir sy eie anglisasiedoel gebruik. Malherbe sê: "The schools were to be the chief instruments by which to

1); Govt. Memorandum Nr. 24, Edn., 23 Mei 1839.
2); Coetzee: J. Albert: Nasiewording in S.A., 35 et seq.
3). Coetzee: Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte aan die Rand, 18.
4). Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 36.
5). Ibid, 43.

anglicise the inhabitants" [1]

Die skool was in daardie dae nie alleen 'n godsdienstige skool nie, maar ook grotendeels 'n godsdienskool. Die skool was vir die kind baie soos die kerk vir die volwassene. Dis dus eerder die godsdiens in die skool as die skool as sodanig wat die taal beskerm het - die godsdiens wat van sy lidmate geëis het dat hulle moes kon lees en skryf.

Temeer omdat die tipe onderwyser daardie dae op die platteland deurgaans baie swak was, meen ons dat die skool as taalkultuurmiddel maar betreklik min invloed uitgeoefen het, veral omdat die onderwyser beswaarlik enige nasionale aspirasies kon gehad het. Die Boere het hulle verag en van sulke mense se menings het hulle weinig notisie geneem. [2]

Die toestand in Kaapstad was egter op taalgebied heel verskillend van dié in die buitedistrikte. Mansvelt praat veral van die stad: " Wat tot heden..... veel bygedragen heeft om het Hollandsch in dien ongelyken stryd tegen het door macht geld en mode gesteunde Engelsch voor ondergang te behoeden....." [3] Op die platteland was die mode - die "air" van deftigheid, belangrikheid en geleerdheid as jy kan Engels praat, gedurende die eerste helfte van die neëntiende eeu dood gebore.

As ons egter die grootste oorsaak van Engels se mislukking om Hollands te vervang moet aanwys, meen ons dat dit die feit is dat die Engelsman die volgende beginsel uit die oog verloor het: Eers pro-Engels; dan verengels. Toe rassehaat eers begin hoogty vier het, was die Brit se kanse verby. Die ontaktvolle onderdrukking van die Boer se taal was waarskynlik die belangrikste faktor om die Boer die Brit te laat wantrou. En die wantrouw, die gevolg, word weer oorsaak in die ingewikkelde samestelling van visieuse kringlope van rassepolitiek en - haat.

6. DIE SKOOL EN DIE ANGLISASIEPOLITIEK.

(a) DIE ORGANIESE SAMEHANG VAN DIE ANGLISASIE-MIDDELE.

In hierdie hoofstuk word maatskaplike toestande, godsdiens, taal, skool, inboorlingkwessie en ekonomiese toestande behandel vanuit die oogpunt van die anglisasiepolitiek

1). Malherbe: Education in S.A., 63.
2). Moorrees: Die Ned. Ger. Kerk in Suid-Afrika, 598,601.
3). Mansvelt: Het Onderwys in Zuid-Afrika, 15.

van die regering. Elkeen van hierdie faktore is direk of indirek met die ander verbonde en dis uiters moeilik om elke fase van die vraagstuk te beperk tot 'n afgebakende gebied. Die skool was in hierdie jare soms uitsluitlik 'n godsdienstige instelling; Die taal kwessie omsluit skool, kerk en staatsadministrasie tegelyk; Die kleurlingkwessie affekteer die skool omdat blank en gekleurd saam skoolgegaan het. Die ekonomiese toestand van die land oor die algemeen, en van die regering in besonder, het die skool radikaal beïnvloed. Die regering het bv. onderwysers, wat goed Engels kon praat en gewillig was om dit te onderwys, ekstra vergoed. 1) Ook wat die maatskaplike toestande betref, het die skool feitlik in die middel daarvan gestaan. Die nasionale toestand moet steeds in sy groot geheel gesien word en daar moet gewaak word teen die afbakening van sekere fases daarvan. Herhaling is 'n noodsaaklike euwel, maar wanneer 'n saak elders volledig bespreek word, word hy soms slegs genoem.

(b) <u>DIE NATUURLIKE DOEL VAN DIE SKOOL WORD VERONGELUK</u>.

Uit 'n bloot sosiologiese oogpunt beskou, kan die skool as inrigting omskryf word, o.m. om die kontinuïteit van die sosiale tradisie te verseker; om die nuwe geslag in staat te stel om die maatskaplike erfenis te assimileer; om die indiwidu te sosialiseer in terme van die volksaard en volksaie. In hierdie sin egter het die Afrikaner die skool, behalwe in sover die familie die funksie daarvan vervul het, tot onlangs nie geken nie. 2)

Presies die teenoorgestelde doel is deur die regering gestel: "Hul onkunde was te wyte aan 'n stelsel van onderwys wat duidelik die doel gehad het om die Afrikaner los te maak van sy verlede en also sy bewussyn en sy individualiteit uit te wis. Die stelsel van onderwys was so ingerig dat die Afrikaanse volk die geskiedenis van sy eie volk nie moes leer nie. Hy moes onderwys ontvang in dié van 'n ander nasie. Hy moes vóór alle dinge onder die indruk kom van die mag en die luisterryke geskiedenis van die Engelse volk." 3) In sy "Argumenten voor de Vrye School", in " Het Nationaal bezwaar", sê ds S.J. du Toit: "Doch men kan iemand dooden met een langzaam werkend vergift...... deze schynt ons de strekking der Staatschool te zyn....... tot

1). Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 12.
2). Nepgen: Die sosiale Gewete, 176.
3). Kestell: Die Voortrekkers, 1.

ondermyning van ons nationaliteit, 't medium van onderwys zal zyn de Engelsche taal." 1) " Die teenwoordige skoolstelsel vervreem die landseuns so van hul vadere, dat hulle vir ons nasionaliteit nog gevaarliker is as die vreemdelinge." 2)

Wanneer 'n skool so sy natuurlike funksie mis, word die toestand geforseerd, daar word stroom-op gewerk en magstoepassing mag nodig word.

Aan die ander kant kan selfs die mees outokratiese regering sy onderdane nie belet om sy eie skole op eie koste te stig nie. Daar was altyd by uitsondering Hollandse skole waarin die Hollandse taal en tradisies suiwer gehandhaaf is. Waar die groot stroom dus op algehele verengelsing afgestuur het, het klein, maar belangrike, teenstrominge ook bestaan.

(c) DIE ONDERWYSERS IN HIERDIE SKOLE.

Die Hollandse onderwysers wat vir ons skole beskikbaar was, was oor die algemeen uiters onbekwaam en so swak besoldig dat baie van die uitvaagsels van die gemeenskap, wat vir niks anders gedeug het nie, hulself as onderwysers aan die volk afgesmeer het (word elders volledig behandel en gedokumenteer.) Die minderwaardigheid van hierdie "meesters" het die anglisasiebeleid as volg geaffekteer:

(1) Die owerheid kon beswaarlik van hul gebruik maak vir sy anglisasiedoel. Hul kon beswaarlik hul eie taal behoorlik gebruik.

(11) Tog het dit die regering se hande gesterk, want hierdie onderwysers se uiters lae peil was 'n goeie verskoning om Engelse onderwysers in te voer.

(111) Baie van hierdie "meesters" het in so'n slegte reuk by die ouers gestaan dat al sou hulle ook die regering se anglisasiepolitiek gesteun het, hulle die Boere (hul base) nie sou kon oortuig het nie.

(d) ANDER FAKTORE WAT DIE WAARDE VAN DIE SKOOL AS ANGLISASIEMIDDEL BEPERK HET.

(1) Die Feit dat die leertyd so kort was, - veral op die platteland was die leerling gou-gou "volleerd" - het die anglisasie gedwarsboom.

(11) Die feit dat die skool in die begin uitsluitlik en later hoofsaaklik godsdienstig was, het verengelsing teengewerk. Die godsdiens en die anglisasie, soos elders verduidelik, het nie goed klaargekom nie.

(111) Die regering het weinig beheer kon uitoefen oor die skole in die verre binneland. In en om Kaapstad kon die verengelsende faktore mooi beheer word. Die isolasie-

1). Coetzee: Ds. S.J. du Toit en die Onderwys, 165, 166.
2). Ibid, 182.

faktor speel weer 'n belangrike rol.

(1V) Die ontwaakte nasionalisme van die Afrikaner en sy afkeer van alles wat vreemd of Engels was, het hom die onderwys met argwaan laat bejeën. "Die feit dat Engels die taal was van die regering - iets wat bestuur is deur mense wat Engeland hulle "home" noem - het veral die plattelandse bevolking die onderwijsstelsel laat sien in die lig van iets wat van buite aan hulle opgelê word. Dit het in hul gemoedere 'n bewuste neiging gewek om die onderwys teë te gaan."[1] "Geleerdheid" en"Engelswees" is met mekaar in verband gebring.

Die angliserende, denasionaliserende skool was so'n onding dat nóg Boer nóg Brit daar veel goeds uit te wagte kon wees. Die skool kan ons na gees en inhoud beter verstaan as ons 'n boek lees wat ons 'n kykie gee in die klaskamer van daardie dae.[2] Hier was alles bereken om negatief in te werk op alles wat Afrikaans was en positief op alles wat Engels was.[3]

Ten slotte moet ons daarop wys dat, hoewel die anglisasiemiddels uiteindelik almal gefaal het, dit nie vir die Boer 'n volstrekte oorwinning was nie. Verengelsing het in die stede begin posvat en daar weer veral by die jeug. Rose sê van hierdie geslag ( 1829): " The older Africaners keep a sore and sullen distance, yet their sons and daughters move with the march of events, d.i. hulle neem deel aan bals, perdewedrenne, ens. en praat 'n bietjie Engels."[4] En dit is wat veral die skool kon doen. L.W. dat hierdie invloed van die Engelse skool direk teen die godsdienstige doel van die kerk ingedruis het. Die oorwinning was nie volledig nie: Die Afrikaner se volkskarakter dra nog baie littekens van die stryd.

## 7. DIE INBOORLINGVRAAGSTUK SE INVLOED OP DIE VERENGELSINGSBELEID.

### (a) INLEIDING:

Die inboorlingkwessie het sy invloed wel deeglik uitgeoefen op die skool-, staat-, kerkverhouding.

In Europa het die filantropiese beweging vanaf die begin van die agtiende eeu sterker en sterker geword.

1). Malherbe: Onderwijs en die Armblanke, 33; O'Kulis: Doppers, 35.
2). O'Kulis: Die Eselskakebeen, is so'n boek.
3). Drs Nienaber: Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging, 56. et seq.
4). Drs Nienaber: Die Geskiedenis van die Afrikaanse Beweging, 54.

Rousseau het die gemoedere gaande gemaak oor die arme, edele, verdrukte, onskuldige natuurkind, die barbaar. Omstreeks dieselfde tyd was daar 'n godsdienstige herlewing in Engeland. 'n Stroom van sendelinge het Europa verlaat om onder die heidene te gaan arbei. In hul verhouding teenoor die inboorling was Boer en Brit dit weereens nie eens nie. Eersgenoemde het tot die kleurling in die verhouding van baas tot kneg gestaan. Hierdie verhouding het hy uit die Bybel geregverdig.[1) ]
Hy het deur dure ondervinding geleer dat streng dissipline 'n absolute vereiste is wanneer mens met 'n Hottentot te doen het. Die Engelsman egter, het die inboorling meesal in Engeland leer ken. Rousseau, die groot "outoriteit" op dié gebied, het in sy lewe nooit 'n Hottentot of Kaffer gesien nie. Die Britte het met gevestigde idees en vooroordele hier aangekom, ook wat die Boer betref. In boeke deur ander "Outoriteite" het hulle gelees hoe die barbaarse Boere die arme onskuldige Hottentotte mishandel het. Ons verwys hier na die berugte Boerehater , Barrow, se boek. [2)] 'n Mens kan die destydse leser beswaarlik kwalik neem dat hy geneig was om Barrow te glo: Hy hèt genoeg waarhede gekonstateer om sylsuens ook die stempel van waarheid te gee. Daarbenewens was hy 'n geleerde wat 'n belangrike pos aan die Kaap beklee het.

Ons verwys slegs onvolledig na 'n paar uitspattinge uit die eerste deel van Hoofstuk V111: ".... en boven al hunne gierige en sckandelyke oogmerken op de weerlooze Kaffers...... " (p. 39); die lafhartigheid van "dien onbeschoften hoop," (p. 42), die ondankbaarheid, (p.43); dapperheid slegs in die bevegting van die weerlose Hottentotte, ( p. 44); "... dan zoo onbeschoft is de aart van het gemeene volk en zoo afkeerig van al het geen tot het algemeen welzyn ondernomen word, dat...." ( p. 48 ); hul is uiters wreed, ( pp. 48, 49, 50); slordig, (p. 53); dronkaards, ( pp. 54,55); oneerlik en onregverdig teenoor die Hottentotte, (p. 59); moordenaars, gewetenlose, afgerigte en bloeddorstige skurke, (p. 65 ); hul het onluste op die grense van Kafferland verwek, (p. 68); maar op p. 60 begin 'n lang lofsang oor die voortreflikheid van die Hottentotte wat "van de kwaadaartigheit der Boeren alles te vreezen hadden," maar wat nou die bystand en beskerming van die teenwoordige regering geniet,(p. 62).

So is die verhouding Boer-Brit vertroebel deur die verhouding of vermeende verhouding Boer-inboorling.

Die inboorlingkwessie het die kerk direk geaffekteer

1). Nepgen: Die Sosiale Gewete, 256 et seg; Nehemia13: 25.
2). Reizen in de Binnenlanden van Zuidelijk Afrika.

omdat hier bekeringswerk te doen was, wat weer aanleiding gegee het tot die engelukkige sendelingkwessie; en dit het die skool op tweërlei wyse getref:

(1) Die doeltreffendste manier om die heiden te bekeer, is om by die kind te begin, d.w.s. by die skool. Die Gereformeerde Kerk het hom die toestand van die heidene ter harte geneem. Di. Chr. Fleck en C.H.F. Hesse skryf op 8 Desember 1807 in 'n brief aan Graaff Caledon dat bekeringswerk by die kind moet begin en, "for these, therefore, public schools should be opened in the opinion of theundersigned, schools in which both slave boys and girls should be instructed in reading and in the principles of the Christian religion, as it seems not advisable to have them instructed in writing likewise." Verder moet hul opleiding ontvang in nuttige arbeid. [1]

(11) Tweedens het dit die blankes geaffekteer deur die gewoonte om hul saam met die slawe en die hottentotte te laat skoolgaan, met al die vanselfsprekende implikasies.

Die inboorlingkwessie het ook die anglisasiepolitiek geaffekteer. Die gemengde skool-stelsel het natuurlik die verbastering van sedes bevorder en hierdie verbastering van sedes sou die grond vrugbaar gemaak het, eers vir denasionalisasie en daarna anglisasie. Dat dit nie die geval was nie strek die Boer tot eer.

Tweedens het dit rassehaat in die hand gewerk, wat op sy beurt alle suksesvolle verengelsing gedemp het.

(b) <u>DIE GEMENGDE SKOLE</u>.

In baie skole het slaaf, hottentot en blanke skoolgegaan. Dit was die geval vanaf die eerste dae van die N.O.K.-bewind. Die eerste skool vir blankes is in 1663 gestig en had 12 blanke kinders, 1 hottentotjie en 4 slawekinders. [2] Volgens die skolarge se verslag van hulle skoolbesoek van 13 Aug. 1779, was in al ag die openbare skole ook slawekinders aanwesig. [3] Tot aan die einde van die periode onder behandeling was die toestand ernstig. Met die geleidelike uitbreiding van die sendingwerk en die filantropiese idees het die saamboerdery nie verminder nie: in die "Model Infant School" in St. George's Straat, was die inskrywing aan die end van 1843: 64 blankes, 63 kleurlinge en 13 Maleiers. [4] In die Groot Drakenstein-

1). Kaapse Staatsargief, C.O. 25, 4.
2). du Toit: Onderwys in Kaapland 1652 - 1939, 12.
3). Ibid., 35.
4). Bloubeek: Cape of Good Hope 1843, 249.

Sendingskool was daar 8 blankes teenoor 76 kinders van gewese slawe. [1] In die Rhynse Sendingskool te Tulbach was 29 blankes en 35 gekleurdes. [2]

Maar die Boer moes kies tussen geen onderwys vir sy kinders of onderwys saam met hottentotte. Hij moes die laaste alternatief kies, veral omdat die armoede aan sy kant en die geldmag aan die Engelsman s'n was. Van die vroegste tye af was daar egter mense wat teen hierdie toestand gekant was: "..... a school lately opened on the establishment, in consequence of the Church vestry and clark having objected to the proposal made by the Government to the Church clarks at the minor stations, of receiving compensation for the fees hitherto charged, and of opening their schools to all classes of the community." [3]

In die reeds vermelde brief van di. Fleck en Hesse aan Graaf Caledon, [4] meen hulle dat die blanke kinders die slawekinders sleg sal beïnvloed aangesien eersgenoemdes se opvoeding so verwaarloos is!

(c) <u>DIE SENDINGSKOLE EN -STASIES.</u>

Die beleid van hierdie skole was gelykstelling van blank en gekleurd. Dit was die gewoonte van die "London Missionary Society" om op feesdae 'n optog deur die strate te hou van blanke en gekleurde kinders wat hand aan hand masjeer met 'n banier waarop staan: Ex uno Sanguine ( uit een bloed). [5]

Die Hollandse Kerke het oor die algemeen die kleurling onder die indruk probeer bring van sy deur God gewilde ondergeskikte posisie in die lewe. Hulle moes onderdanig en gehoorsaam wees aan die blanke. [6]

Die Londense sendelinge het nie alleen daarin geslaag om die rassehaat aan te blaas nie, maar ook om die Afrikaner so teen sendingwerk te bevooroordeel dat dit na 'n eeu nog nie verdwyn het nie. Want by hierdie sendingskole en -stasies het die onderwysers hulself heetemal te buite gegaan. Mansvelt praat van hulle as " Engelands evangeliseerende, schoolmeesterende en politiseerende agenten". [7]

Die Londense sendingstasies was leeglêstasies en die Boere se werkvolk het daarheen gedros. Veediefstal het

1). Blouboek: Cape of Good Hope 1843, 256.
2). Ibid.Nr 50. Sien ook Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 27.
3). Blouboek: Cape of Good Hope 1843, 253.
4). Kaapse Staatsargief: C.O. 25, p.4 et seq.
5). Prof. J. du Plessis: Die Unie, 1 Sept. 1925, 66.
6). Kaapse Staatsargief: C.O. 25, Art. 9.
7). Mansvelt: Het Onderwys in Z.A., 18.

vererger. Die kleurlingfantasie het vrye teuel gehad met die vertel van stories van mishandeling en moord en die sendelinge het die "feite" tot in Europa rugbaar gemaak. "Boer" het dan by die Hottentot 'n skeldnaam geword. 1)

Nie alleen op politieke gebied is die nieblanke die Brit se bondgenoot en handlanger nie, maar hy kom vyandig teen Afrikaans te staan terwyl hy hom dankbaar vereenselwig met alles wat Engels is. Hulle leiers, hulle élite word veral geestelik uit Engels gevoed. Omdat die naturelle die getalle aan sy kant het, is hierdie toestand belangrik. 2)

(d) DIE KERK EN DIE KLEURLINGKWESSIE.

Ons stip die volgende feite aan i.v.m. die Gereformeerde Kerk se beleid en invloed i.v.m. hierdie saak:

1. Die Kerk het van die standpunt uitgegaan dat wat van God geskei is nie deur die mens saamgevoeg mag word nie en so het die kerk die Afrikanervolk teen rasvormenging bewaar. 3)

11. Die skeiding op die gebied van rassevermenging sou onmoontlik gewees het as die Boer nie ook die perke gestel het tussen die blanke as Christen en die kleurling as heiden-die kind van Cham, die houtdraer en waterputter nie. 4)

111. Die Gereformeerde Kerk kon nie veel vir die kleurlinge doen nie. Daar was soveel blanke gesinne in die wildernis wat verwaarloos geword het. En die Hollandse kerke in S.A. het nooit 'n noemenswaardige bron van buitelandse inkomste gehad nie, terwyl die ander kerkgenootskappe geput het uit die sakke van diegene wie se harte stukkend was van hul meegevoel vir die " veronregte" kleurlinge. As al die sendinggenootskappe hul by hul godsdienstige pligte bepaal het, soos die Morawiese, dan kon hulle in 'n groot en belangrike behoefte voorsien het.

1V. Die Gereformeerde Kerk het nie blank en gekleurd in een kraal geja nie. Die kleurling moes sy ondergeskikte posisie begryp. (Sien C hierbo).

8. DIE EKONOMIESE FAKTOR IN DIE ANGLISASIEPOLOTIEK.

"Ons hele verarmingsprobleem is, soos alle ander volksprobleme, ingeweef in die botsingsgeskiedenis van twee kulture, en kan nie daaruit geïsoleer word nie." 5) " Stoflike armoede affekteer weldra ook die mens se gees," en "geen gods-

1). Theal : Progress in S.A. in the Century, 165.
2). Drs Nienaber: Die Gesk. van-die Afr. Beweging, 45
3). Venter: Kerk en Skool in S.A., 11; Keet: Tobie Muller, 160.
4). Keet: Tobie Muller, 160.
5). Coetzee: Verarming en Oorheersing, Voorwoord.

diens kan vir lank op 'n leë maag gedy nie." 1)

(a) **OORSAKE VAN DIE BOER SE EKONOMIESE AGTERSTAND.**

(ons behandel slegs die aspekte van die saak wat betrekking het op ons onderwerp).

1. Die geskiedenis van die wording van die armblankedom staan nie los van die anglisasiepolitiek nie. By 'n groot deel van die Afrikanervolk het, ten gevolge van die mate van sukses wat die denasionalisasie gehad het, 'n minderwaardigheidsgevoel ontwikkel ( waaroor elders volledig). Hierdie geestestoestand, die kenmerkendste eienskap van die armblanke, was 'n gevolg van die opvoedkundige, politieke en maatskaplike stelsel wat die Afrikaner met die idee gevoer het dat sy taal, maniere, land en kultuur nie goed genoeg was nie en vervang moes word met alles wat Engels was. 2)

11. Deurgaans het die Afrikaner geweldige verliese gely, verliese wat die Engelssprekendes meesal vrygespring het, of selfs voordeel uit getrek het. Ons dink aan die waardevermindering van die Hollandse riksdaler. Teen 1825 het hy van 4/- tot 1/6 gedaal. 3) Die vrystelling van die slawe wat talle boere laat bankrotspeel het. 4) In 1834 het die grensboere 456 huise, 5,700 perde, 115,000 beeste, 161,000 skape verloor. Dis maar die verliese aan één kafferoorlog verbonde. Daar is nog die aanhoudende veediefstalle en die verliese op die trek self. Die waardevermindering van die plase ens., wat gevolg het op die aanvang van die Trek. 5) Die laaste groot terugslag - die Tweede Vryheidsoorlog, val buite ons tydvak.

111. Die patriargale stelsel was verouderd. 6) 'n Industriële omwenteling was aan die ontwikkel. Die konserwatiewe Boer kón hom eenvoudig nie aanpas by die nuwe vereistes nie. Hy het gelewe en geboer soos sy vadere voor hom, met die gevolg dat duisende van hulle ondergegaan het in die ekonomiese stryd, o.a. omdat die onderwysstelsel geen industriële of landboukundige opleiding aangebied het nie. 7)
As mens jou goed en jou moed verloor het, (eersgenoemde deur genoemde ekonomiese oorsake, en laasgenoemde deur addisionele faktore soos denasionalisasie), dan word jy 'n armblanke genoem - en nogeens speel 'n minderwaardigheidsgevoel sy rol. 8)

1). Coetzee: Verarming en Oorheersing, 16 et seg en 18 et seg.
2). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 29-33.
3). de Kock: Economic History of S.A., 91.
4). Ibid., 93.
5). Coetzee: Verarming en Oorheersing, 68,69.
6). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 18 et seg.
7). de Kock: Economic History of S.A., 456.
8). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 21.

Die Engelsman het geen skade gely ten gevolge van die industriële rewolusie nie. Inteendeel, hy het alle voordeel daaruit getrek. Hy het uit 'n land gekom waar die kompetisie geweldig sterk was; waar die industriële rewolusie reeds jarelank aan die gang was; waar ekonomiese, sosiale en industriële ontwikkeling "modern" was. Hy het na 'n land gekom waar sewentiende eeuse toestande geheers het, sodat hy hier op elke gebied die leiding kon kom neem.

(b) <u>DIE GEVOLGE VAN DIE ENGELSMAN SE EKONOMIESE MEERDERWAARDIGHEID.</u>

1. <u>SOSIAAL</u>: Hierdie toestand was seer sekerlik nie bevorderlik vir die rasseverhouding nie. Kragtens sy wrewelige gevoel is die Boer geneig om alles wat verkeerd loop op die rekening van die Brit te plaas. Die Engelsman sal dit weer van sy kant af toeskryf aan die Boer se minderwaardigheid.[1] Die Engelsman van ons tydvak kon op 'n hoër peil lewe en boer omdat hy nie alleen die geld en geleerdheid daarvoor gehad het nie, maar ook die progessiewe ondernemingsgees. Al hierdie faktore het 'n duidelike ekonomiese grens tussen Boer en Brit gestel.

11. <u>POLITIES</u>: In 'n staatstelsel, waar politieke partye die stryd voer om oppermag, bied die verarmde 'n ryke veld vir politieke uitbuiting. Daar word veral van die dankbaarheidsmotief gebruik gemaak.[2] " Die toestand van 'n onderworpe volk in die mag van 'n imperialistiese en liberalistiese veroweraar, is die agtergrond waarteen die ganse probleem van verarming gesien moet word. Die verarmingsgeskiedenis van Suid-Afrika is in menig opsig die tipiese geskiedenis van 'n winsgewes wat deur die koloniserende moontheid gebruik word om sy eie burgers te verryk en van leeftog te voorsien".[3]

111. <u>KERKLIK EN OPVOEDKUNDIG</u>. Gedurende die tijdvak onder bespreking was die predikante gesalarieerde staatsamptenare. Waar 'n nuwe gemeente gestig of 'n nuwe kerk gebou moes word, moes by die staat aangeklop word. Waar die kerk dus nie direk van die lidmate afhanklik was vir finansiële instandhouding nie, het die armoede van die gemeentes hom nie ernstig beïnvloed nie. Met die skool was dit heel verskillend: Die Boer het in die begin gretig gebruik gemaak van die ongekende weelde van gratis onderwys in die vryskole. Dit was met die

1). Een Eeu van Onrecht, 58.
2). Coetzee: Verarming en Oorheersing, 46,47.
3). Ibid, 59.

grootste opoffering ten gevolge van beginselvastheid dat hul later in hul armoede moes terugval op die privaatskool. (Statistiek en dokumentering in die volgende hoofstukke).

Armoede was verantwoordelik vir 'n mate van onverskilligheid teenoor onderwys. Waar armoede by die eenkant inkom, vlieg die kultuur gewoonlik anderkant uit. [1] Die leerlinge uit gegoede gesinne wat die skool tot en met std. Vl verlaat, is 40.2%. Die leerlinge uit arm gesinne is 91.1%. [2] Dit het natuurlik betrekking op toestande voordat die vereistes opgeskuif is.

Die Engelsman se ekonomiese meerderwaardigheid sluit hom aan by die geheelprobleem van kultuur- en rasseverdeling, waaroor later.

## 9. OORSAKE VAN DIE MISLUKKING VAN DIE ANGLISASIEPOLITIEK.

INLEIDING: Ons het reeds daarop gewys dat die regering sy kanse om die Afrikaner te verengels, verspil het. Hul het hier 'n uiters wetsgehoorsame volkie aangetref: " Uit hul strenge godsdienssin het voortgevloei 'n natuurlike ontsag vir magte wat oor hulle gestel is, en hoewel hul hart aan Holland bly hang het, was hul per slot van rekening tog bereid om troue onderdane van hul nuwe heersers te word." [3]

Hierdie volkie is anderhalf eeu verwaarloos deur die kapitalistiese N.O.K.-bewind. 'n Bietjie simpatieke ondersteuning deur die Engelse heersers sou vir laasgenoemdes 'n baie gunstige teenstelling bewerkstellig het.

Theal sê: "No people not of British descent offered such favourable material for conversion into loyal subjects, as did these South-Africans when forty years earlier they came by conquest under British rule." [4]

Die anglisasie en denasionalisasie het misluk, hoofsaaklik ten gevolge van die ontaktvolle en onsielkundige optrede van die Britse owerheid. Gedeeltelik egter het sekere faktore, wat nie onder hulle beheer was nie, ook daartoe bygedra.

### (b) OPSOMMING VAN DIE OORSAKE WAT DIE VERENGELSINGS BELEID LAAT MISLUK HET.

1. Ons het reeds gesien dat die Engelsman oorhaastig was: Dis onmoontlik om die volksaard, wat eeue geneem het om te ontwikkel en aan te pas by 'n gegewe land, in 'n ommesientjie

1). Coetzee: Verarming en Oorheersing, 16 et seq.
2). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 79.
3). Scholtz: Die Afrikaner en sy Taal, 22; Theal: South-Africa, 147.
4). Theal: History of S.A. from 1795 to 1873, Dl.11, 265.

af te breek en weer op te bou volgens 'n vreemde patroon.

11. Sodra 'n heerser dwang toepas, verongeluk hy sy eie doel. Slegs 'n politiek van toenadering kon ooit sukses gehad het: Eers pro-Engels, dan verengels. Wat die Nienabers van die Afrikaanse taalstryd sê, is waar van die hele probleem: Dis nie net 'n aksie vir die verwesenliking van 'n ideaal nie; dit is ook 'n reaksie teen die heersende toestande, 'n protesbeweging. 1) Generaal Janssens waarsku sy opvolger: Die Boer kan tot enige goed gelei word, maar hy kan nie gedryf word om 'n ding te doen nie, behalwe met wapengeweld. 2)

111. 'n Aantal politieke insidente soos die van slagtersnek; die onvermoë om die burgers aan die oosgrens te beskerm teen die kaffers en die weiering om hul toe te laat om hulself te beskerm; die reeks tergende slawewette; die afskaffing van die stelsel van plaaslike beheer onder landdros, heemrade en veldkornette en die Burgersenaat. Malherbe sê: "The old colonists were dismayed at seeing their ancient institutions thus rudely broken up." 3) Ander insidente het die Boer as nougesette Calvinis geskok en het bygedra om die verhouding Boer-Brit te vertroebel. 4) Geen dergelyke insident staan geïsoleerd in sy invloed nie. Vir hierdie Boere was so'n gebeurtenis as die inkwartiering van Britse troepe in die kerk te Graaff-Reinet 'n geweldige skok. Ook het die kerk as stal gedien en die mure is vol skietgate gebreek. 5) In 1891 het hul nog aan ds. Faure die merke op die preekstoel se trappe gewys soos hulle daarop vleis gekap het. Sulke gebeurtenisse word eeuelank gebruik as wapens in die rassestryd.

1V. Ons het reeds die diepgaande verskil tussen die volksaard van Boer en Brit bespreek. Dit was alreeds 'n vrugbare aarde om met die nodige botsings, wedersydse wantroue te kweek. Ongelukkig het die Engelsman nie daarin geslaag om die Boer se goeie karaktertrekke te waardeer en die slegtes in die lig van die geskiedenis te verklaar nie. 6) In 'n brief gedateer 30 Oktober 1797 skryf Lady Anne Barnard dat die neiging om die Boer te verag "one great error in some of the English" was. 7)

V. 'n Konsiliasiepolitiek van regeringskant was dringend nodig, maar ons vind uit die staanspoor dat die regering

1). Drs Nienaber: Die Geskiedenis van die Afr. Beweging, 49.
2). Theal: Progress in South Africa, 111.
3). Education in South Africa, 58.
4). Coetzee: Die opkoms van die Afr. Kultuurgedagte, 18.
5). Moorees: Die Ned. Ger. Kerk in S.A., 445, 371.
6). Galpin: There are no South Africans, 64.
7). L.A.B.: South African a Century Ago, 1o5.

so streng en outokraties as maar moontlik opgetree het. De Mist het van die Eerste Britse Okkupasie gesê:...."en de daarby komende waare of gewaande redenen van ontevredenheid tegen het Caabsch Gouwvernement dat doorgaands het systema van strengheid boven dat van persuasie en zagte leiding, schynt te hebben noodzaaklyk gehouden....... " 1) Lord Charles Somerset en Sir. B. Durban word later bespreek.

Vl. Die ëkonomiese meerderwaardigheid van die Engelsman is reeds bespreek.

Vll. Die inbesitname van die Kaap het juis op 'n verkeerde tydstip plaasgevind. Die kloof tussen die Engelse en koloniale opvattings was juis toe die grootste. As die verowering 30 jaar eerder was, dan was die Britse filantropie nog nie daar nie. Later sou die sneller verkeer gehelp het om 'n beter verstandhouding te bewerkstellig. 2)

Vlll. Toe die Britte hier gekom het, was die bevolking al lankal nasiebewus. In die dae van W.A. v.d. Stel al, sê Hendrik Bibault:"....Ik wil niet loopen, 'n ben een Africander, al slaat den Landdrost myn dood, of al setten hy myn in den tronk ik sal nog wil niet swygen" 3) Aan die einde van die 18e eeu deel C. de Jong mee: "Op die naam van Afrikaan is hy trotsch; Kaapsch Burger schynt hem een groots titel..." 4)

Maar die Brit het hierdie reedsbestaande nasionalisme aangeblaas tot 'n versengende vuur, waarin hy sy eie doel, die verengelsing van die Boerevolk, in rook sien opgaan het. )Sien Hs 4 vir behandeling van nasionale onderwys).

10. DIE GEVOLGE VAN DIE STRYD.

Bryce James sê dat Brittanje meer bekommernis te verduur gehad het van Suid-Afrika as van enige ander Britse besitting. 5) Dit kon ook beswaarlik anders gewees het, want in 1825 al was die rassehaat, wat vandag nog voortbestaan, reeds gevestig. 6) Malherbe som die toestand so op: "Owing to the total disregard of the language of the majority of the people and to the injudicious tamperings with local institutions and ways by a tactless and unsympathetic government, this period saw the unfortunate beginnings of an antagonism towards English rule and the English language which has retarded the

1). Kaapse Staatsargief: De Mist: Memorie Over de Caab, 45, Art 36.
2). Coetzee: Die Opkoms van die Afrikaanse Kultuurgedagte, 18.
3). Coetzee: Politieke Groepering..... 13.
4). Coetzee: Die Opkoms van die Afr. Kultuurgedagte, 15,16.
5). Ibid., 17.
6). Scholtz, 21; O'kulis: Doppers, 35.

progress in general and that of education in particular, of the two white races in South Africa up to very recent times, and many of the educational problems that emerged subsequently can be traced to this very period." 1)

Hierdie rassehaat was nie bloot 'n gevolg nie; dit het weer 'n oorsaak geword van verdere stryd en verbittering. Dit deurkanker die volkslewe in elke fase van sy bestaan. Dit affecteer ons skole en kerke direk en indirek.

Aanvanklik was dit 'n stryd tussen Boer en Brit, maar geleidelik het daar meer en meer Boere by die Britse politieke geledere aangesluit. Die stryd tussen Boer en Boer het selfs erger geword as die stryd tussen die Boer en die Brit. 2) Die geskiedenis het ons geleer dat die Boer vir elke reg eers moes veg. Die natuurlike gevolg was die ontwikkeling van 'n wrewelige strydgees: "Die neiging tot onenigheid tussen volksleiers en die sterke partysug wat so'n groot deel van die geskiedenis van die Afrikanervolk aan ons te lees gee; die twisgierigheid tussen Boere wat vroeër veral so dikwels uitgeloop het op laster- en ander aksies in die geregshof; die eiesinnigheid en demastrantheid, gepaard met 'n oorversigtige wantroue wat dit vir die Afrikaner so moeilik maak om saam te werk en te koöpereer met sy mede-Afrikaner; die bekende ongeduld van die Afrikaner teenoor elke vorm van dissipline - hierdie en ander swakhede in die Afrikanerkarakter word aangemoedig deur die te sterke nadruk wat hy laat val op sy regte." 3)

Maar ons moenie te haastig wees om die partysug en miskien te sterke politieke bewustheid van die Afrikaner te verdoem nie. "Ons kan nie anders nie as om elke poging wat aangewend word om die politiek uit die Afrikanerdom uit te neem, te verwerp as uiters gevaarlik vir sy bestaan as volk. Die politiek is 'n lewensvereiste van die Afrikanerdom : Dis nie die politiek wat die siekte is nie, maar die verdeeldheid......... 'n Nasie bestaan nie sonder politiek nie". 4)

Die stryd gaan dus onverbiddelik voort. Ons het reeds melding gemaak van die littekens op die karakter van ons volk. Dis die taak van Kerk en skool as karaktervormende magte om breedte, hoogte en diepte van lewensopvatting te bewerkstellig, maar in daardie dae was beide kerk en skool ook slagoffers van dieselfde sieklike verengelsingspolitiek.

1). Malherbe: Education in South Africa, 69.
2). Marquard: The Peoples and Policies of S.A., 69, 70.
3). Nepgen: Die Sosiale Gewete, 158; Galpin: There are no South Africans, 15 et seq.
4). Coetzee, J.A.: Politieke Groepering, 3-4.